

'N LEWE VAN SEËN

Deel 2 – Troos vir 'n Seer Hart

AFSKOP

Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?

Hoe getrou was jy aan die EEN TREE wat jy wou gee die afgelope week?

VRAE VIR BESPREKING:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

Wat dink jy is van die ongesonde boodskappe wat ons samelewing ons leer hoe om verliese te hanteer, of hoe ons verwag ander mense verliese moet hanteer? Hoe weerhou dit mense van 'n gesonde pad van rou?

Deel met jou groep 'n onvergeetlike feesviering/ervaring wat jy al beleef het. Saam met wie het jy dit gedeel? Hoe het die feit dat jy dit met ander kon deel bygedra tot die verbetering van die ervaring?

Watter verskil maak dit as ons 'n tyd van rou/hartseer met ander mense kan deel? Hoe kan dit die ervaring verbeter? Hoekom kies ons baie keer om onself eerder te isoleer in hierdie tye?

Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:

Galasiërs 6:2. Op watter maniere kan ons mense se hartseer en verliese help dra? Waarna verwys die “wet van Christus” in hierdie vers?

Lees 2 Korintiërs 1:3-5 in verskillende vertalings. Watter partye bring bemoediging/vertroosting volgens hierdie verse? Aan watter beloftes kan jy vashou in hierdie gedeelte in tye van rou?

Psalm 34:18-19. Hoekom dink jy voel God baie keer ver in tye van rou en hartseer? Wat is egter die waarheid volgens hierdie gedeelte?

1 Korintiërs 4:17-18 en Kolossense 3:2. Hoe kan onself herinner aan die onsigbare dinge wat by God is in ons moeilike tye? Hoekom dink jy is dit belangrik? Watter hoop kan dit bring vir gelowiges?

Romeine 8:28. Op watter maniere gebruik God moeilike situasies, waardeur ons al gegaan het, om ander mense te help en te ondersteun? Hoe dink jy bring dit hierdie vers in vervulling?

Psalm 147:3. Hoe dink jy “genees” en “verbind” God in ons lewe? Hoe dink jy kan jy aan hierdie belofte vashou?

Lees Romeine 15:13 in verskillende vertalings. Hoekom is dit belangrik om te onthou dat God die bron van hoop is? Watter effek dink jy het dit as ons hoop versterk word in tye van rou?

In die preek is 4 waarhede genoem waaraan ons kan vashou in tye van rou/hartseer: 1) *God is naby*; 2) *God rou saam met ons*; 3) *God gee betroubare hulp*; en 4) *God gee die hoop van die hemel*. Watter waarheid het vir jou uitgestaan? Verduidelik.

In die preek is genoem dat God 3 middele gee om ons te help in rou: 1) *God se Woord*; 2) *God se Gees*; en 3) *God se mense*. Op watter manier kan jy meer staat maak op hierdie drie middele in jou eie lewe? Hoe kan God se mense, in jou Kleingroep, jou tans meer bystaan indien jy 'n pad van rou stap?

GEBED EN OMGEE

Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.

Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daarvoor kan bid:

NEEM 'N VOLGENDE STAP

Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.

As jy teruggink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.
